

KOERSVAS

Jaargang 7 Uitgawe 146 5 Oktober 2018

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Bewys 'n negatief?

Ons bly maar raaiselagtige wesens. Polities-korrekte taalgebruik noop ons vandag om te praat van "verdagtes". 'n Nuusberig sal vertel van drie verdagtes wat die perseel betree het en mense vermoor het. Die rede vir die vreemde taalgebruik is die beginsel dat jy onskuldig is totdat jy skuldig bevind is. Dit is goed en wel, maar die gebruik van die woord "verdagtes" oortref by verre sy betekenisveld. Die berig moet eintlik vertel van drie booswigte, drie misdadigers of drie moordenaars wat 'n perseel betree het en misdaad gepleeg het. Sodra daar na persone verwys word, kan verwys word na so-en-so wat 'n verdagte in die saak is.

In skrilte kontras met hierdie oormatige gebruik van "verdagtes" is die snelle regsproses wat in ons harte plaasvind. 'n Blote beskuldiging is genoeg vir die meeste mense om te besluit dat iemand skuldig is. Aanklag, verhoor, skuldigbevinding en selfs vonnisoplegging geskied gewoon in 'n breukdeel van 'n sekonde. So is die blote beskuldiging dat iemand 'n rassis is of te veel drink of ontrou is genoeg, om die persoon vir ewig op die verdediging te plaas. Hoe bewys jy dat jy nie 'n rassis is nie? Hoe bewys jy dat jy nie ontrou was nie? Moet jy

jou hele lewe blootlê vir ondersoek? Die antwoord is dat dit onmoontlik is om 'n negatief te bewys.

Na regte moet die bewyslas wees op die persoon wat die bewering maak. Daardie persoon moet byvoorbeeld 'n goeie definisie bied van rassisme, aandui hoe sekere optredes dan rassisties is en verder bewys dat jy aan sodanige optrede skuldig is. Dit geld in die situasie waar die persoon jou direk konfronteer, of waar die persoon oor jou skinder. Vele goeie reputasies was al slagoffer van hierdie onregverdige situasie. Wat doen ons om die situasie te besleg? Is dit genoeg om die skindermuis te daag om dit voor die persoon te stel? Die resultaat is dieselfde. In stede van onskuldig totdat jy skuldig bewys is, is die bewyslas op die (moontlik) onskuldige om onskuld te bewys. Wat nou maak? Ons sal aan ons eie ingesteldheid moet werk. Laat die een sonder skuld die eerste klip gooi. Daarmee saam moet ons daarteen waak om sodanige ongegronde stories te versprei. Wat gebeur het, kan immers nie ongedaan maak word nie. Dit wat jy gesien het, kan jy nie "ontsien" nie. Onthou die verhaal van die haan. In die dorpie was daar 'n persoon van aansien (Jurie) wat 'n voorbeeldige lewe gelei het. Hy het eendag 'n pap band op sy fietswiel gekry. Na herstelwerk was die

kroeg die naaste plek waar hy onder water die herstelde lek kon toets. Met sy uitloop het iemand (Skindie) hom sien struikel. Baie gou het almal in die dorp geweet Jurie suip en struikel uit die kroeg. Sy reputasie was daarmee heen. Met die konfrontasie wat gevolg het, met goeie ondersteuning van die kroegman het Skindie sy fout besef. Hy het baie sleg daarvoor gevoel en gevra hoe hy sake kan regstel. Jurie se antwoord: "Daardie pragtige swart haan van jou, daardie skouhaan. Op 'n winderige dag slag jy hom, pluk sy vere en dan gaan jy tot bo op die kerkoring. Strooi die vere in die wind en dan kom vertel jy dit vir my." So gesê, so gedaan een goeie dag in Augustus. Toe Skindie vra of alles nou in orde is, het Jurie gesê: "Daar is nog een ding wat jy moet doen. Gaan haal nou AL die swart vere wat in die wind verstrooi is, elke liewe een." Toe Skindie antwoord dat dit onmoontlik is, was Jurie se antwoord eenvoudig: "Net so onmoontlik is dit om die skade te herstel van dit wat jy my aangedoen het."

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

BESTUURSVERGADERING

Die Bestuurskomitee vergader op Vrydag 12 Oktober 2018 te Grootvlei. By hierdie vergadering sal die notule van die Pietersburg Bondsvergadering hanteer word en alle komitees se werksaamhede sal ter sprake kom. Enige lidmate wat sake onder die komitee se aandag wil bring, moet nie later nie as Maandag 8 Oktober kontak maak met die skriba by fransnhk@gmail.com

BONSDAMESBYEENKOMS TE PIETERSBURG 4 SEPTEMBER 2018

Die dames van die Geloofsbond gemeentes het op Maandag 4 September 2018 die

voorreg gehad om vir die vyfde agtereenvolgende vergadering, hierdie keer in Pietersburg, byeen te kom. Wat 'n wonderlike voorreg was dit gewees!

Pietersburg gemeente het hierdie jaar die vergadering aangebied. Die dames wat die dag die byeenkoms bygewoon het, is omtrent bederf. Elke afgevaardigde se plek is met haar naam aangedui. By elkeen se plek was geskenkies van pêreljuwele en 'n yskasmagneet. Die tema van die oggend was Eenders, Anders en Eie. Die eerste tema, Eenders, het besprekings van lief en leed, die doelstellings en missie van Damesverenigings en 'n oorsig van die Vroeë Kerk, behels.

Tydens teetyd is almal trakteer met die heerlikste eetgoedjies.

Na teetyd het 'n boekbekendstelling gevolg. Die Anders- tema, is afgeskop met 'n skyfievertoning van aktiwiteite by verskillende gemeentes. Baie interessant was nie net om te sien wat by die ander gemeentes gebeur nie, maar ook om idees onder gemeentes uit te ruil. Dit is lekker om te sien hoe betrokke die gemeentes is en wat hulle alles doen.

'n Praatjie oor Die Oord, 'n tehuis in Brits vir mense met verstandelike gestremdhede, het gevolg. Eintlik is dit 'n openbaring om te hoor dat hierdie spesiale mense onder ons die geleentheid het om tussen hulle eie maats met bepaalde verstandelike gestremdhede te leef en te funksioneer. Die normale wêreld mag wreed teenoor hierdie kinders wees, daarom hou mens hulle vas in die ouerhuis en beskerm hulle maksimaal. In der waarheid is daar wonderlike tehuse wat hierdie mense die geleentheid gee om net hulself te wees en hulself uit te leef. Daar kry hulle 'n werkjie waarvoor hulle vergoed word, en waarop hulle baie trots is.

Dit gee hulle menswaardigheid terug in hulle eie milieu. In sodanige omgewing is hierdie mense dolgelukkig aangesien hulle menswaardigheid erken word. Die praatjie was regtig baie interessant vertel en is ingekleur met skreeusnaakse staaltjies.

Middagete: Die gemeente Pietersburg het voorwaar geblom met die aanbieding van die heerlike middagete. "Message in a bottle", was die tema van die tafeldekor. Hoe oorspronklik!

Met leë bottels, wat as fokuspunte op tafels gebruik is, en verskillende boodskappe wat in opgerolde handgeskrewe briefies daarin geplaas is, was die tafels só kunstig versier. Die tafels het voorwaar pragtig gelyk. Die allerheerlikste resep van die hoofdis die middag, 'n interessante visdis, was op elke bord aan die gedekte tafels. Dit is beslis 'n resep wat ek in die toekoms gaan maak. Dit gaan ook 'n voorreg wees om dit onder die dames van Koster gemeente te versprei. Welgedaan weer eens Pietersburg gemeente. Julle mag maar!

Gedurende die namiddag sessie het die dames onder die tema, Eie, met bekende gesegdes, waarhede en teksverse na vore gekom en 'n pragtige plakskildery saamgestel.

Nadat die dames met die kunssessie die laaste van die middag geniet het, is die bedankings gedoen. Die aangename dag is afgesluit deur Ds. Antoinette van Zyl.

Aan al die dames in verskillende gemeentes: Gryp die geleentheid aan om die jaarlikse dames Bondsdamesbyeenkoms as afgevaardigde by te woon. Ek beleef dit jaarliks as 'n byeenkoms van dames met dieselfde uitkyke en sieninge van hul geloof. Ons voer interessante, leersame gesprekke rakende ons kerk en ons gemeentes. Almal is ontspanne, en op informele manier gesels

ons saam, lag saam en sluit die dag dan saam af met sommer net lekker "spoeg en plak".

Tot volgende jaar in Cullinan....

Marie-Louise Alberts

VOLKSHULP2000

Die algemene jaarvergadering van Volkshulp2000 sal DV plaasvind op 6 Oktober 2018 vanaf 10:00 te Oranjekas, Collins laan 1241, Môregloed, Pretoria

Alle Geloofsbond-lidmate wat lede is van Volkshulp2000 word aangemoedig om dit by te woon.

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op whatsapp beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

LEWENSBROOD 2019-2020

Gemeentes moet kennis neem dat dit tyd is om hulle bestellings vir die volgende jaar se boek te plaas. Persone wat nie in 'n Bondsgemeente is nie, kan direk met Ella skakel ella@teamworkprinters.com om bestellings te plaas.

* Ons versoek u ook vriendelik om kontant by bestelling te handhaaf. Prys **R120** per eksemplaar.

* Dit beteken dat u 31 sent per dag betaal vir gehalte oordenkings.

* Onthou, dit is 'n goeie kersgeskenk. Bestellings word afgehandel teen **27 Oktober 2018**

DS PARKIN - OTTOSDAL

Ds. Johan Parkin van Ottosdal se vrou, Denise, is siek met kanker. Haar situasie het intussen vererger.

Ons meelewing gaan met die gesin in hierdie tyd.

DS VISSER

Ds Faan Visser van Oostelike Pietersburg het 'n hartaanval gehad en het twee stente onder operasie gekry. Ons bid hom sterkte en beterskap toe.

VERJAARSDAE

- Professor Pont het sy 91e verjaarsdag gevier. Hy is gul trakteeer tydens 'n dinee wat die HCM Fourie vriendekring vir hom aangebied het.
- Dominee Jan Schroeder het sy 85e verjaarsdag Sondag saam met sy gemeente gevier tydens 'n luisterryke ete wat aangebied is.

VAKATURE - FINKOM BEAMPTTE



POSBESKRYWING:

'n Vakature vir 'n Finansiële Beampte het by **Meyerspark Hervormde Kerk** in die ooste van Pretoria, ontstaan. Die pos is beskikbaar vanaf 1 November 2018, vir oorhandiging op 30 November 2018.

Daar word van die suksesvolle applikant verwag om die volgende te doen:

Volledige boekhouding (tot proefbalans) en bankstaat rekonsiliasie op Pastel Express

14

Volledige salarisrol administrasie en statutêre indienings, betalings en vereistes Hantering, teboekstelling, rekonsiliasie en bank van alle kontant, en tel van deurkollekte saam met diakens.

Bestuur en rekonsiliasie van die kantoor se kleinkas.

Voorlegging van maandelikse finansiële state vir goedkeuring deur die Finansiële kommissie.

Bywoning van maandelikse Finansiële Kommissie vergaderings, en neem van notule in die afwesigheid van die skriba.

Byhou van gemeentelike bydraes per lidmaat en wyk, en skakeling met betrokke Kerkraadslede.

Rekonsiliasie van debietorders en kredietkaartbetalings.

Indiening en administrasie van versekeringseise.

Beleggingsadministrasie.

Jaarlikse indiening van brondokumente en finansiële rekords vir ouditering.

Jaarlikse indiening van geouditeerde finansiële state by SARS (TEU).

Betaal van alle MCV rekeninge .

Aankoop van kos vir behoeftige persone namens 'SHINE', ons barmhartigheidsdiens.

Veilige bewaring van alle finansiële data, elektronies en andersins.

Beskikbaarheid na eredienste op Sondag in die kantoor.

Aflos van Administratiewe Beampte tydens verlof, siekte of buitengewone omstandighede. Op hoogte bly van Admin Beampte se pligte.

Dit is 'n 5/8 dag pos : Ma tot Vry vanaf 08:00 tot 13:00, sonder etenstyd.

VEREISTES:

*Tersiêre rekenkundige kwalifikasie, ten minste 'n sertifikaat in boekhouding en algemene rekeningkunde

* Sertifikaat in salarisrol – administrasie en grondige kennis en ondervinding van statutêre salarisrolvereistes

* Grondige kennis van Pastel Express 14

* Grondige kennis van Pastel VIP Payroll

* Microsoft Excel

AANSOEKE:

U Curriculum Vitae met volledige kontakbesonderhede kan aan die kantoor gestuur word via e-pos (hkm@geloofsbond.org.za), of u kan dit direk by die kantoor indien. Kerkkantoor: 012 803 7528 / 071 889 2175

WANNEER ONS DAN BID

Die artikels wat die "Onse Vader" verklaar (soos in Die Skietlood gepubliseer) is verwerk na 'n handige boek. Dit sal gelowiges begelei in hul gebedslewe en kan dien as handige instrument vir Bybelstudie. Vir meer besonderhede kontak Dr Otto johan.otto@geloofsbond.org.za

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !

Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek

- naby hospitaal en besighede-

Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers

Etes en wasgoed op afspraak

Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by

Villa Stoney


Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com



R 120 per eksemplaar. Bestellings by zyvetto@gmail.com of johan.otto@geloofsbond.org.za

